

AANHANGSEL F
TOT DIE GRONDWET VAN DIE
Eienaarsvereniging van
Caves Aftree-Oord

GEDRAGSREëLS

(Artikel 35(2)(b) van die Wet op Deeltitels, Nr 95 van 1986)

DEELTITELSKEMA
SS NO 466/2007

06 November 2007

INHOUDSOPGAWE

A	Woordomskrywing	3
B	Doel	3
C	Toepassing	3
D	Uitleg	4
E	Voorskrifte	4
F	Riglyne	5
	REËLS	
1	Diere, Insekte, Reptiele en Voëls (Troeteldiere)	6
2	Vullisverwydering	6
3	Parkering, Bestuur en Was van Voertuie	7
4	Skade, Veranderinge, Aanhegtings, Toebehore, Toevoegings of Obstruksies tot die Gemeenskaplike Eiendom en Verandeinge aan die Binnekant van 'n Deel	9
5	Buite-Voorkoms	14
6	Tekens en Kennisgewings	15
7	Rommel	15
8	Wasgoed	15
9	Bewaring van Vlambare Stowwe en Ander Gevaarlike Optredes	16
10	Verhuur en Bewoning van Eenhede	16
11	Uitwis van Plae	16
12	Geraas, Oorlas of Steurnis	17
13	Gemeenskaplike Eiendom en Fasiliteite	17
14	Tuine en Werwe	19
15	Besigheidsaktiwiteite	20
16	Werknemers	20
17	Sekuriteit	20
18	Risiko en Skadevergoeding	21
19	Klagtes	21
20	Oortreding van Reëls	21
21	Oplegging van Boetes	23

A. Woordomskrywing

By die vertolking van hierdie Reëls, tensy uit die samehang anders blyk:

Beteken “Wet” die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986), soos van tyd tot tyd gewysig, en enige regulasies daarkragtens uitgevaardig en in werking.

Beteken “Trustee-Raad” die Trustees verkose ingevolge Artikel 4 van die Management Rules.

Het woorde en Uitdrukkings waaraan in die Wet ‘n betekenis geheg is die betekenis wat aldus daaraan geheg is.

Sluit “Trustees” ook ‘n plaasvervangende Trustee in.

“Eienaar” beteken die geregistreerde eienaar(s) van ‘n Deel en hy sal verantwoordelik gehou word vir lede van sy gesin/familie, sy bediendes, werknemers, gaste, genooies en sy huurders.

“Deel” beteken die deel wat in die eienaar se naam geregistreer is.

“Uitsluitlike Gebruiksarea” beteken ‘n deel of dele van die gemeenskaplike eiendom vir die uitsluitlike gebruik deur die eienaar of eienaars van een of meer dele soos in artikel 27 van die wet bedoel.

“Gemeenskaplike eiendom” beteken alle grasperke, geboue, fasiliteite en gronde aan die buite-kant van alle wooneenhede en dele van inwoners wat ook uitsluitlike gebruiksareas insluit.

B. Doel

- (1) Hierdie Gedragsreëls het ten doel om die vredevolle, harmonieuse en aangename gemeenskapslewe van alle eienaars en bewoners te bevorder, om te verseker dat goeie standaarde gehandhaaf word wat die voorkoms van geboue, strukture en tuine betref en om enige gedrag te voorkom wat die gemeenskapslewe of lewensgehalte van eienaars of bewoners sal benadeel, of wat die waarde en voorkoms van gebou(e) of fasiliteite nadelig sal beïnvloed.

C. Toepassing

- (1) Hierdie Gedragsreëls, die bepalings van Bestuursreël 68, en Artikel 44 van die Wet op Deeltitels, Nr 95 van 1986, soos van tyd tot tyd gewysig, is van toepassing en bindend op alle eienaars en bewoners van dele, sowel as die trustees, en die bestuursagent/bestuurder (indien aangestel).

- (2) Dit is die plig van 'n eienaar van 'n deel om te verseker dat sy besoekers, familieledes, werknemers en kontrakteurs hierdie Reëls eerbiedig. Dit is ook die eienaar van 'n deel se plig om te verseker dat die huurders of die bewoners van sy deel, insluitende hul besoekers, familieledes, werknemers en kontrakteurs hierdie Reëls eerbiedig.
- (3) Sou enige van die persone in subreël (2) vermeld, enige skade aan die gemeenskaplike eiendom veroorsaak of 'n Gedragsreël oortree en 'n boete opgelê word, is die betrokke eienaar van die deel aanspreeklik vir die betaling van die skadevergoeding of die boete of enige ander betrokke kostes, na gelang van die geval.

D. Uitleg

- (1) Die opskrifte van die onderskeie Reëls is slegs geriefshalwe verstrek en moet nie by die uitleg van hierdie Reëls in aanmerking gebring word nie.
- (2) Tensy dit anders blyk uit die konteks in hierdie Reëls:-
 - (a) sluit woorde wat die enkelvoud aandui, ook die meervoud in en omgekeerd;
 - (b) sluit woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike en onsydige geslag in, en sluit woorde wat die onsydige geslag aandui, ook die manlike geslag en vroulike geslag in;
 - (c) sluit 'n verwysing na natuurlike persone ook regs persone, trusts en vennootskappe in en omgekeerd.
- (3) Tensy dit anders blyk uit die konteks in hierdie Reëls, sal woorde en uitdrukkings waaraan in die Wet op Deeltitels, Nr 95 van 1986, en aanhangsels daartoe, 'n betekenis geheg is, dieselfde betekenis hê as in die Reëls.
- (4) Waar enige aantal dae voorgeskryf is in hierdie Reëls, sal die dae bereken word met uitsluiting van die eerste dag en insluiting van die laaste dag, tensy die laaste dag val op 'n Saterdag, Sondag of Publieke Vakansiedag in die Republiek van Suid-Afrika, in welke geval die laaste dag die eerste daaropvolgende dag sal wees wat nie 'n Saterdag, Sondag of Publieke Vakansiedag is nie.
- (5) Indien daar 'n konflik tussen woorde en syfers is by die uitleg van 'n Reël, sal die woorde voorkeur geniet.

E. Voorskrifte

- (1) Die trustee is by magte om van tyd tot tyd skriftelike Voorskrifte betreffende enige Gedragsreël uit te reik, te wysig of te herroep. Die trustee het egter nie die mag om by wyse van hul Voorskrifte nuwe Reëls te skep nie.

- (2) Die trustees se Voorskrifte mag ook nie in botsing wees met enige Reël of die Riglyne nie.
- (3) Die trustees mag by wyse van hul Voorskrifte die praktiese toepassing van die Reëls aan eienaars uitstip en die eienaars inlig oor besonderhede wat om praktiese redes nie in die Reël self vervat kan word nie. 'n Voorbeeld hiervan is Voorskrifte oor die uitplaas van vullis en die uithang van wasgoed.

F. Riglyne

- (1) Die trustees is by magte om 'n Riglynhandleiding of Bou- en Estetiese Riglyne ten opsigte van die geboue en strukture op die perseel saam te stel en van tyd tot tyd te hersien.
- (2) Die Riglyne kan riglyne en spesifikasies vervat ten opsigte van die uitleg van tuine op die perseel.
- (3) Die Riglyne kan voorts ook spesifikasies en sketsplanne vervat en die aard, materiaal, kleur en wyse van installasie en dies meer bepaal vir die veranderinge en strukture wat ooreenkomstig die Gedragsreëls beoog word, asook verdere reëlins betreffende bou-aktiwiteite vervat.
- (4) Die tuinbeleid soos van tyd tot tyd deur die trustees saamgestel of gewysig kan ook in die Riglyne vervat word.

GEDRAGSREËLS
(Artikel 35(2)(b) van die Wet op Deeltitels, 1986)
Hierdie reëls vervang die Standaard Gedragsreëls van die Wet

1. Diere, Insekte, Reptiele en Voëls (Troeteldiere)

- (1) 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag nie sonder die skriftelike toestemming van die trustee enige dier, insek, reptiel of voël (troeteldier) in 'n deel of op die gemeenskaplike eiendom aanhou nie, en sodanige toestemming mag nie sonder goeie rede weerhou word nie.
- (2) Wanneer die trustee sodanige toestemming verleen, kan hulle enige redelike voorwaardes stel tot die aanhou van 'n dier, insek, reptiel of voël, op voorwaarde dat dit skriftelik sal wees.
- (3) Benewens enige voorwaardes wat die trustee kragtens subreël (2) mag stel, moet eienaars of bewoners aan die volgende voorwaardes voldoen:-
 - (a) Eienaars of bewoners moet toesien dat hul troeteldier(e) nie 'n steurnis vir ander eienaars of bewoners veroorsaak nie en moet self hul troeteldier(e) se ekskrement van die gemeenskaplike eiendom verwyder, by gebreke waarvan die trustee/bestuursagent/bestuurder sodanige ekskrement kan laat verwyder op koste van die betrokke eienaar.
 - (b) Honde word slegs op die gemeenskaplike eiendom toegelaat indien behoorlik onder 'n persoon se beheer en op leiband.
 - (c) Diere moet van identifikasieplaatjies voorsien word waarop die naam en kontaknommers van die dier se eienaar aangedui word.
 - (d) Alle katte moet gesteriliseer word.
- (4) Die trustee kan hul toestemming om 'n troeteldier(e) aan te hou terugtrek indien enige voorwaarde opgelê kragtens subreël (2) of soos vermeld in subreël (3) verbreek word, waarna die eienaar of bewoner die troeteldier onmiddellik van die deel en die gemeenskaplike eiendom moet verwyder.
- (5) Die trustee kan verdere Voorskrifte betreffende hierdie Reël neerlê.

2. Vullisverwydering

- (1) 'n Eienaar of bewoner van 'n deel moet:-

- (a) 'n houer vir vullis (vullisdrom) in 'n higiëniese en droë toestand hou in sy deel of op sy uitsluitlike gebruiksg gebied of op 'n deel van die gemeenskaplike eiendom skriftelik deur die trustees vir die doel aangewys;
- (b) verseker dat vullis voordat dit in die vullisdrom geplaas word in enige sodanige gebied, dit goed toegedraai is in geskikte, sterk plasiëksakke (vullissakke), en, in die geval van blikke en ander houers, dit vry van vloeistof is, voordat dit in 'n vullissak en daarna in die vullisdrom geplaas word;
- (c) verseker dat glasbottels en gebreekte glas goed toegedraai in 'n aparte vullissak langs die vullisdrom geplaas word;
- (d) die vullisdrom(me), vir die doel van vullisverwydering plaas op die plek en op die tye soos deur die trustees bepaal.
- (e) wanneer die vullis verwyder is, die vullisdrom onmiddellik terugneem na sy deel of die ander plek in subreël (a) bedoel.

3. Parkering, Bestuur en Was van Voertuie

- (1) 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag sy voertuig parkeer of laat staan in die motorhuis of op die parkeergebied geallokeer aan die deel waarvan hy die eienaar of bewoner is.
- (2) 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag sy voertuig parkeer of laat staan op die besoekersparkering, maar moet nie misbruik daarvan maak deur permanent sy voertuig op die besoekersparkering te parkeer nie. Die trustees is by magte om parkeergelde te hef of te vorder ten opsigte van besoekersparkering.
- (3) Geen vragmotors, woonwaens, sleepwaens, bote of ander swaar voertuie mag op die perseel geparkeer word sonder dat die trustees vooraf skriftelik daartoe toegestem het nie.
- (4) Geen voertuig mag meer as een parkeerplek beset nie en voertuie mag ook nie op so 'n wyse parkeer word dat dit die verkeersvloei of toegang tot en uitgang uit motorhuise of parkeergebiede belemmer nie.
- (5) Ten einde 'n ongewenste gesig te voorkom moet motorhuisdeure normaalweg toegehou word.
- (6) Eienaars en bewonders van dele moet voorsorg probeer tref dat hulle voertuie en die voertuie van hulle besoekers en gaste nie olie of remvloeistof op die gemeenskaplike eiendom drup of die gemeenskaplike eiendom op enige ander wyse skend nie.

- (7) Geen eienaar of bewoner word toegelaat om op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, 'n uitsluitlike gebruiksgedebied of 'n deel, enige voertuig uitmekaar te haal of groot herstelwerk daaraan te doen nie.
- (8) Geen persoon mag permanent in 'n voertuig of karavaan of sleepwa op die gemeenskaplike eiendom of in 'n motorhuis slaap nie.
- (9) Eienaars en bewoners moet op gemeenskaplike eiendom:-
- (a) met die bestuur van hul voertuie alle padtekens eerbiedig en moet veral op die uitkyk wees vir voetgangers.
 - (b) die maksimum spoed van 20 (twintig) kilometer per uur oorskry nie en moet ook nie op 'n wyse bestuur wat na die mening van die trustees, nie in die belang van veiligheid is nie.
 - (c) moet nie toelaat dat 'n ongelisensieerde persoon enige voertuig op die gemeenskaplike eiendom bestuur nie.
 - (d) moet nie op 'n wyse bestuur wat 'n steurnis vir ander eienaars of bewoners kan veroorsaak nie.
 - (e) toeters gebruik slegs as waarskuwing vir onmiddellike of dreigende gevaar of in 'n noodgeval.
 - (f) Geen harde musiek mag vanuit voertuie speel word.
- (10) Parkering van voertuie op die gemeenskaplike eiendom is onderhewig aan die voorwaarde dat alle voertuie op eie risiko en verantwoordelikheid van die eienaar daarvan geparkeer of gelaat word en dat die regspersoon en/of sy agente/werknemers/kontrakteurs nie verantwoordelik gehou kan word vir enige verlies of skade van watter aard ookal, wat 'n persoon mag ly as gevolg van sulke parkering.
- (11) Die trustees mag van tyd tot tyd binne die raamwerk van hierdie Reël, Voorskrifte uitreik.
- (12) Die trustees mag enige voertuig wat strydig met hierdie Reël op die gemeenskaplike eiendom geparkeer is, daarop staan of daarop geabandonneer is, op die koste en risiko van die eienaar daarvan laat verwyder of wegsleep, of sodanige voertuig se wiele vasklamp of laat vasklamp. Die trustees mag verder 'n redelike boete vasstel waarteen sodanige voertuig vrygestel mag word, ten einde die koste van die proses te verhaal.

4. Skade, Veranderinge, Aanhegtings, Toebehore, Toevoegings of Obstruksies tot die Gemeenskaplike Eiendom en Veranderinge aan die Binnekant van 'n Deel

Algemeen

- (1) Die buitekant van eenhede, insluitende vensters en deure, is deel van die gemeenskaplike eiendom en 'n eienaar of bewoner van 'n deel mag nie die gemeenskaplike eiendom beskadig of verander nie of verbetering of aanhegtings daaraan aanbring nie, behalwe soos in die Wet op Deeltitels, Nr. 95 van 1986, in die Grondwet en in hierdie Gedragsreëls bepaal.

Klein Veranderinge

- (2) 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag nie sonder om vooraf die skriftelike toestemming van die trustees te verkry nie, enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom verf of merke daarop aanbring, spykers of skroewe of iets soortgelyks daarin slaan of dit andersins beskadig of verander nie.

- (3) Nieteenstaande subreël (2), mag 'n eienaar of 'n persoon deur hom gemagtig:-

(a) enige sluittoestel, veiligheidshek, diefwering of ander veiligheidstoestel vir die beskerming van sy deel; of

(b) enige skerm of ander toestel om diere of insekte uit te hou,

installeer: Met dien verstande dat die trustees eers skriftelik die aard en ontwerp van die toestel asook die wyse waarop dit geïnstalleer word, goedgekeur het.

- (4) 'n Eienaar of 'n persoon deur hom gemagtig, mag nie die volgende veranderinge, aanhegtings, toebehore of toevoegings (strukture) op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom aanbring, sonder om vooraf die skriftelike toestemming van die trustees te verkry nie:-

(a) Radio-, televisie lugdrade, televisieskottels, sonverhittingstelsels, lugverkoelers, skoorstene, kappe, sonkappe, sonskerms, skadunette, motorafdakke, trappe, buitebraaiplekke en soortgelyke items.

(b) Die trustees kan enige redelike voorwaardes aan hul toestemming koppel.

- (c) Die trustees kan te eniger tyd hul toestemming terugtrek as daar nie aan hul voorwaardes voldoen word nie. By die terugtrekking van die trustees se toestemming moet die betrokke eienaar onmiddellik op sy eie koste die struktuur of artikel verwyder en die gemeenskaplike eiendom herstel. Sou 'n eienaar versuim om die struktuur te verwyder en om die gemeenskaplike eiendom te herstel en enige sodanige versuim voortduur vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae na skriftelike kennisgewing om te verwyder (en te herstel) deur die trustees of die bestuursagent/bestuurder namens die trustees, kan die trustees die struktuur laat verwyder op die eienaar se risiko en koste en die gemeenskaplike eiendom herstel, en sal die eienaar geen skadevergoedingseis of ander aksie teen die regspersoon of die trustees of teen die bestuursagent/bestuurder werknemer/kontrakteurs van die regspersoon kan instel weens sodanige verwydering nie.
- (5) Nieteenstaande die bepalings van subreël (4), mag die trustees slegs ingeboude buitebraaiplekke magtig, onderhewig daaraan dat:-
- (a) die lede van die regspersoon dit by wyse van 'n spesiale besluit goedgekeur het; en
- (b) die eienaar/eienaars wat deur die ingeboude buitebraaiplekke geaffekteer sal word skriftelik daartoe toegestem het.
- (6) Die trustees se skriftelike toestemming kragtens voorgenoemde subreëls moet as volg bekom word: - 'n Eienaar (of persoon deur hom gemagtig) moet skriftelik aansoek doen by die trustees, en die aansoek moet vergesel word van voldoende planne en spesifikasies wat die aard, ontwerp, vorm, grootte, materiaal, kleure en plek van installasie van die voorgestelde struktuur omskryf.

Strukturele Veranderinge

- (7) Enige strukturele verandering wat 'n deel en die gemeenskaplike eiendom affekteer en enige herstelwerk of veranderinge ten opsigte van loodgieterswerk, pype of elektriese bedrading of geleiding, mag slegs gedoen word nadat:-
- (a) voldoen is aan die toepaslike bepalings van die Wet op Deeltitels, Nr. 95 van 1986 en die Reëls; en
- (b) die skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid verkry is (indien van toepassing); en
- (c) die skriftelike toestemming van die trustees verkry is en kan die trustees ook enige redelike voorwaardes stel by die verlening van hul toestemming.

- (8) Alle strukturele veranderinge en veranderinge of herstelwerk aan die loodgieterswerk, pype, elektriese bedrading of geleiding moet deur gekwalifiseerde persone uitgevoer word en moet voldoen aan die standarde soos gestel deur die plaaslike owerheid.
- (9) 'n Eienaar mag die binnekant van sy deel verander, maar geen werk mag aan die stutmure gedoen word sonder dat die trustees se skriftelike toestemming vooraf verkry word nie en die trustees mag enige redelike voorwaardes ople.
- (10) Alhoewel stoepe, balkonne en werwe deel mag vorm van dele, sal die toebou daarvan die gemeenskaplike eiendom sowel as die vooraansig of buitevoorkoms van geboue affekteer, derhalwe sal die toebou van 'n stoep, balkon of 'n werf beskou word as 'n strukturele verandering vir doeleindes van hierdie Reël.
- (11) Die volgende bepalings sal (bykomend tot enige ander relevante bepalings) geld ten opsigte van enige werk wat deur eienaars gedoen word, wat, in die uitsluitlike diskresie van die trustees, strukturele veranderinge of toevoegings tot 'n deel behels, insluitende die verwydering van, skepping van of veranderinge aan mure of enige strukturele gedeelte van 'n gebou en enige veranderinge, toevoegings, verbeteringe of dekoratiewe werk wat die buitevoorkoms van 'n deel beïnvloed:-
- (a) 'n Skriftelike aansoek met spesifikasies, tydskedule, en 'n sketsplan van die voorgestelde veranderinge moet by die trustees ingedien word om hul voorlopige toestemming te bekom.
 - (b) Die trustees mag hul voorlopige toestemming verleen, of weier in welke geval hul redes vir hul weiering moet verskaf. Wanneer die trustees sodanige voorlopige toestemming verleen, kan hulle enige redelike voorwaardes stel. Die trustees mag, indien hulle dit nodig ag, versoek dat die eienaar 'n verslag deur 'n strukturele ingenieur of 'n argitek moet bekom.
 - (c) Indien die trustees hul voorlopige toestemming verleen het, moet die eienaars voortgaan met die voorbereiding van bouplanne en dit deur die plaaslike owerheid laat goedkeur (indien vereis), welke bouplanne nie van die aanvanklike sketsplan mag afwyk nie.
 - (d) Voordat die verandering finaal goedgekeur word, moet die eienaar dit met sy onmiddellike bure bespreek en hul kommentaar daarop verkry en sodanige kommentaar dan by die trustees vir hul oorweging indien.
 - (e) Die eienaar moet 'n afskrif van die goedgekeurde bouplan (of bewys dat 'n bouplan nie vereis word nie) by die trustees indien.

- (f) As die trustees dit nodig ag, mag die trustees met 'n argitek, ingenieur, regsadviseur of 'n ander professionele konsultant oor die voorgestelde veranderinge konsulteer.
- (g) Binne 14 (veertien) dae nadat die trustees al die nodige inligting en advies bekom het, sal die trustees die aansoek oorweeg, en 'n redelike besluit neem en die applikant van sodanige besluit verwittig. As die trustees hul toestemming weier, moet hulle redes vir hul weiering verskaf. Die trustees mag by die verlening van hul toestemming ook enige redelike voorwaardes stel.
- (h) 'n Terugbetaalbare deposito soos van tyd tot tyd deur die trustees vasgestel, sal deur die eienaar betaal moet word, voordat daar begin mag word met die werk.

Interne Veranderinge

- (12) Die volgende bepalings sal (bykomend tot enige ander toepaslike bepalings) geld ten opsigte van werk wat in die uitsluitlike diskresie van die trustees die opknapping, vernuwing, herversiening of binneargitektuur van die binnekant van 'n deel behels, insluitende die installering, vervanging, verskuiwing of verwydering van toebehore, soos kombuis- en ander kaste, sanitêre toebehore en vloerbedekkings:-
 - (a) 'n Aansoek om voort te gaan, met spesifikasies, tydskedule, en 'n sketsplan van die voorgestelde veranderinge moet ingedien word by die trustees, om hul toestemming te bekom om met die werk voort te gaan.
 - (b) Die trustees sal binne 14 (veertien) dae, hul toestemming aan 'n eienaar verleen of 'n eienaar meedeel hoekom hulle nie kan toestem nie. Wanneer die trustees hul toestemming verleen, kan hulle redelike voorwaardes stel of verdere Voorskrifte stel betreffende toegang en die behoud van sekuriteit. 'n Eienaar mag nie met die werk begin, alvorens die trustees se toestemming bekom is nie.
 - (c) 'n Eienaar sal 'n terugbetaalbare deposito soos van tyd tot tyd deur die trustees vasgestel aan die trustees/bestuursagent/bestuurder moet betaal, alvorens met die werk begin mag word.

Alle Veranderinge

- (13) Die volgende voorwaardes is van toepassing op alle veranderinge kragtens hierdie Reël ongeag wat die veranderinge behels:-

- (a) Die betrokke eienaar aanvaar verantwoordelikheid, en sal aanspreeklik wees teenoor die regspersoon (en/of teenoor ander eienaars afhangend van geval tot geval) vir enige skade wat hy of sy werknemers of kontrakteurs aan die gemeenskaplike eiendom (en/of aan ander dele) veroorsaak het. Die betrokke eienaar vrywaar die regspersoon teen enige skade en/of enige eise wat daaruit mag voortspruit.
- (b) Die betrokke eienaar mag nie die regspersoon se elektrisiteitstoevoer gebruik sonder die skriftelike toestemming van die trustees nie en die trustees mag die koste vir sodanige elektrisiteitsgebruik vasstel, welke koste vir die rekening van die eienaar sal wees.
- (c) Enige werk wat kragtens hierdie Reël gedoen word, moet uitgevoer word:-

Maandae tot Vrydae tussen die ure 08:00 tot 17:00;

Saterdag van 09:00 tot 13:00, maar glad nie op Sondag of publieke vakansiedae nie;
- (d) Die werk moet met die minimum ongemak, steurnis, oorlas, obstruksie vir die ander eienaars of bewoners en moet so vinnig as moontlik afgehandel word of binne die vasgestelde tydperk soos deur die trustees bepaal.
- (e) Alle deure, vensters en ander eksterne toebehore moet gelykvorming wees aan of van 'n soortgelyke gehalte en voorkoms wees as die soortgelyke items wat normaalweg elders in die gebou geïnstalleer is.
- (f) Enige deposito wat 'n eienaar kragtens hierdie Reël moet betaal, moet aan die trustees of bestuursagent/bestuurder betaal word voordat daar met die werk begin word. Die deposito moet binne 60 (sestig) dae na afhandeling van die werk aan die eienaar terugbetaal word, onderhewig aan enige aftrekkings wat die trustees of die bestuursagent/bestuurder gemaak het of mag maak.
- (g) Alle kostes, skade, uitgawes en boetes aan 'n eienaar opgelê ingevolge hierdie Reël, is op aanvraag betaalbaar en indien dit nie betaal word nie, mag die trustees of die bestuursagent/bestuurder sodanige kostes aftrek van die eienaar se deposito en/of mag die bedrag bygevoeg word by die eienaar se heffingsrekening.
- (h) Die eienaar moet verseker dat sy werknemers en kontrakteurs voldoen aan die toepaslike bepalings van hierdie Reël.

- (14) Waar die plaaslike of ander owerheid se toestemming of permit vereis word vir enige veranderings, aanhegtings, verbeteringe, toebehore, tevoegings of soortgelyke items of sturkture, moet die eienaar sodanige toestemming of permit verkry voordat hy met die werk mag begin.
- (15) Waar enige werk wat kragtens hierdie Reël gedoen word, kostes of uitgawes vir die regspersoon meebring (omrede dat dit obstruksies vir die werknemers of kontrakteurs van die regspersoon veroorsaak of hul in die uitvoering van hul werk belemmer of andersins) sal die betrokke eienaar aanspreeklik wees vir die betaling van sodanige kostes of uitgawes, welke bedrag bygevoeg mag word by 'n eienaar se heffingsrekening.
- (16) Enige verandering, aanhegtings, verbeteringe, toebehore, tevoegings of soortgelyke items of strukture wat deur of ten behoeve van 'n eienaar aangebring is kragtens hierdie Reëls, sal deur die betrokke eienaar op sy eie koste herstel of in 'n goeie toestand instand gehou word. Sou 'n eienaar versuim om sodanige veranderinge, aanhegtings, verbeteringe, toebehore, tevoegings of soortgelyke items of strukture behoorlik te herstel of in stand te hou, en enige sodanige versuim voortduur vir 'n tydperk van 30 (dertig) dae na skriftelike kennisgewing om te herstel of in stand te hou deur die trusteees of die bestuursagent/bestuurder namens die trustee, kan die regspersoon die eienaar se versuim regstel en die redelike koste daarvan van sodanige eienaar verhaal.
- (17) Die trusteees sal vir die doeleindes van hierdie Reël, die diskresie hê om te besluit of iets 'n "klein verandering", of 'n "strukturele verandering" of 'n "interne verandering" is, onderhewig aan enige Voorskrifte van die trusteees.
- (18) Waar 'n eienaar enige werk soos verwys na in hierdie Reël verrig sonder die toestemming van die trusteees of waar 'n eienaar versuim om te voldoen aan hierdie Reël of waar 'n eienaar versuim om te voldoen aan die trusteees se voorwaardes of aan die riglyne soos vervat in die Riglyne, mag die trusteees versoek dat die eienaar die struktuur op sy eie koste verwyder en die eiendom herstel. Sou 'n eienaar versuim om die struktuur te verwyder en om die gemeenskaplike eiendom te herstel en enige sodanige versuim voortduur vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae na skriftelike kennisgewing om te verwyder (en te herstel) deur die trusteees of die bestuursagent/bestuurder namens die trusteees, kan die trusteees die struktuur laat verwyder op die eienaar se risiko en koste en die gemeenskaplike eiendom herstel, en sal die eienaar geen skadevergoedingseis of ander aksie teen die regspersoon of die trusteees of teen die bestuursagent/bestuurder werknemers/kontrakteurs van die regspersoon kan instel weens sodanige verwydering nie.

5. Buite-Voorkoms

- (1) Die eienaar of bewoner van 'n deel wat vir woondoeleindes gebruik word, mag nie iets op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, insluitende balkonne, patio's, stoepe en tuine, plaas of iets daarop doen wat na die oordeel van die trusteees esteties afkeurenswaardig, onaangenaam of ongewens voorkom wanneer dit van buite die deel gesien word nie.

- (2) Geen eienaar of bewoner mag enige item op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom laat, stoor of los nie of toelaat dat sodanige items daar gelaat word nie, tensy die trustees se skriftelike toestemming vooraf daarvoor verkry is nie.
- (3) Eienaars of bewoners sal nie tydelike strukture of tente op die gemeenskaplike eiendom oprig, tensy die trustees se skriftelike toestemming vooraf daarvoor verkry is nie.

6. Tekens en Kennisgewings

- (1) Geen eienaar of bewoner van 'n deel wat vir woondoeleindes gebruik word, mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die trustees 'n teken, kennisgewing, aanplakbord of advertensie van enige aard hoegenaamd op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom of van 'n deel aanbring sodat dit van buite die deel sigbaar is nie. Die trustees mag enige redelike voorwaardes koppel aan hul toestemming
- (2) Die trustees mag enige ongemagtigde tekens, kennisgewings, aanplakborde of advertensies verwyder of laat verwyder op die betrokke eienaar se risiko en koste. Die eienaar sal geen verhaalsreg of skadevergoedingseis teen die trustees of die regs persoon of enige van hul werknemers hê nie.

7. Rommel

- (1) 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag nie rommel, insluitende advertensiemateriaal, vullis, sigaretstompies, oorskietkos of ander vuilgoed op die gemeenskaplike eiendom stort of gooi laat stort of gooi of toelaat dat dit gedoen word nie, behoudens soos bepaal in Gedragsreël (2) nie.

8. Wasgoed

- (1) 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag nie sonder die skriftelike toestemming van die trustees sy eie wasgoedlyne op gemeenskaplike eiendom span nie en mag ook nie (teenstrydig met subreël (2)) enige wasgoed of ander items aan enige gedeelte van die gebou of gemeenskaplike eiendom hang sodat dit van buite die gebou of van enige ander deel sigbaar is nie.
- (2) 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag sy wasgoed aan die wasgoedlyne hang wat vir die doel op die gemeenskaplike eiendom (wasgoedareas) beskikbaar is.
- (3) Die uithang van enige wasgoed sal op die risiko van die eienaar of bewoner geskied.

9. Bewaring van Vlambare Stowwe en ander Gevaarlik Optredes

- (1) 'n Eienaar of bewoner mag nie in die gebou of op die gemeenskaplike eiendom enige stof bewaar of enige ander gevaarlike handeling verrig of laat verrig of toelaat dat dit verrig word wat die verhoging van die tarief van die premie betaalbaar deur die regspersoon op enige versekeringspolis sal of kan meebring nie.

10. Verhuur en Bewoning van Eenhede

- (1) Alle huurders van eenhede en ander persone aan wie die reg tot okkupasie deur enige eienaar van 'n betrokke eenheid verleen is, moet hierdie Gedragsreëls nakom, ondanks andersluidende bepalings vervat in enige huurooreenkoms of die toestaan van 'n reg tot okkupasie.
- (2) Dit is 'n eienaar se plig om te verseker dat sy huurder of die bewoner van sy deel van die Bestuursreëls en Gedragsreëls kennis neem en dit eerbiedig.
- (3) 'n Eienaar moet die trustees voorsien van 'n afskrif van 'n huurooreenkoms of ander ooreenkoms tot die reg van verblyf tesame met afskrifte van die bewoners se identiteitsdokumente.
- (4) Eienaars of bewoners van dele mag nie toelaat dat meer persone as hieronder vermeld 'n eenheid permanent bewoon nie:-
- | | | |
|-----|---|------------------|
| (a) | in geval van 'n eenmanwoonstel: | 1 (een) persoon |
| (b) | in geval van 'n eenslaapkamer eenheid: | 2 (twee) persone |
| (c) | in geval van 'n eenheid met meer as een slaapkamer: | 3 (drie) persone |
- (5) Nieteenstaande subreël (3) mag 'n addisionele persoon of persone wel 'n eenheid bewoon indien die trustees se skriftelike toestemming daartoe verkry is. Die trustees mag by die verlening van hul toestemming enige redelike voorwaardes stel.

11. Uitwis van Plae

- (1) 'n Eienaar moet sy eenheid vry hou van witmiere, boorinsekte en ander insekte wat hout vernietig, en moet vir hierdie doel die trustees, die bestuursagent/bestuurder en hul behoorlik gemagtigde agente, of werknemers toelaat om sy deel van tyd tot tyd te betree om die deel te inspekteer en sodanige stappe te doen as wat redelikerwys noodsaaklik is om enige sodanige plae uit te wis. Die koste van die inspeksie, die uitwissing van sodanige plae as wat binne die deel gevind word en die vervanging van enige hout of ander materiaal wat deel vorm van sodanige deel en deur sodanige plae beskadig is, word deur die eienaar van die berokke eenheid gedra.

12. Geraas, Oorlas of Steurnis

- (1) Eienaars of bewoners moet verseker dat stilte tussen 13:00 en 15:00 en tussen 21:00 en 06:00 gehandhaaf word en te alle tye moet geraas tot 'n minimum beperk word.
- (2) Radios, hoëtrou-stelle, televisies, musiekinstrumente, elektriese- en batterykragmasjinerie moet nie so aangewend word dat dit na oordeel van die trustees 'n onredelike steurnis vir ander eienaars of bewoners meebring nie.
- (3) Eienaars of bewoners mag nie op die perseel op hul motortoeters druk nie, behalwe as 'n waarskuwing van onmiddellike gevaar of in 'n noodgeval.
- (4) Geen vuurwerke en klappers mag in dele of op die gemeenskaplike eiendom afgevuur of geskiet word nie.
- (5) Geen vuurwapens mag in 'n deel of op die gemeenskaplike eiendom gerig of afgevuur word nie, behalwe in die geval van selfverdediging en verwante doeleindes.
- (6) Geen aktiwiteite of stokperdjies wat na oordeel van die trustees 'n onnodige of onredelike steurnis vir ander eienaars of bewoners meebring, mag op die gemeenskaplike eiendom bedryf word nie.

13. Gemeenskaplike Eiendom en Fasiliteite

- (1) Die Skema beskik oor die volgende fasiliteite vir die benutting deur eienaars en bewoners:

Versorgingseenheid (Siekeboeg):

- (2) Eienaars en bewoners met Siekeboegregte of met die reg tot dienste van die Versorgingseenheid (Siekeboeg) is geregtig op die dienste soos van tyd tot tyd deur die Versorgingseenheid (Siekeboeg) verskaf, onderhewig aan die volgend:-
 - (a) Eienaars en bewoners moet die Reëls wat op die Versorgingseenheid betrekking het en die redelike voorwaardes, soos van tyd tot tyd deur die trustees neergelê, nakom, en in die verband hou die trustees die reg voor om 'n wagperiode in te stel, alvorens opname in die Versorgingseenheid kan geskied.
 - (b) Die opname van persone in die Versorgingseenheid en/of die benutting van die dienste daarvan is onderhewig aan die beskikbaarheid van beddens en personeel.

- (c) Die opname van persone in die Versorgingseenheid is ook onderhewig aan die betaling van die siekeboegheffings of die betaling van die tarief ten opsigte van buite-pasiënte.
- (d) Benewens die Siekeboegheffings sal persone verder vir bykomende kostes ten opsigte van voedsel, mediese dienste, verbruikersitems en dies meer aanspreeklik wees.
- (e) Benewens die tarief ten opsigte van buite-pasiënte, sal sulke persone verder vir bykomende kostes ten opsigte van mediese dienste, verbruikersitems en dies meer aanspreeklik wees.
- (f) Die gebruik van die diense van die Versorgingseenheid kan buite die Versorgingseenheid aangebied word onderhewig aan die nakoming van die Reëls, die trustees se voorwaardes, asook die beskikbaarheid van personeel.
- (g) Voorsiening van versorgingsdienste sal geskied op aanbeveling van die hoofverpleegkundige in oorleg met 'n mediese konsultant.
- (h) Sou die gesondheid van 'n pasiënt wat in die Versorgingseenheid is, hetsy fisies of geestelik of verstandelik, meebring dat die pasiënt, na mening van die hoofverpleegkundige en/of 'n mediese konsultant bykomende sorg of behandeling benodig, sal die trustees die reg hê om in oorleg met die pasiënt se gevolmagtigde of familielid:-
 - (i) Addisionele versorging of behandeling te verskaf, indien moontlik, of;
 - (ii) 'n Geskikte persoon aan te stel om die pasiënt te behandel, of
 - (iii) Die pasiënt te laat oorplaas na 'n hospitaal of inrigting waar sodanige gespesialiseerde behandeling ontvang kan word.

Met dien verstande dat die pasiënt aanspreeklik sal wwes vir die koste verbonde aan sodanige bykomende sorg of behandeling, tesame met enige uitgawes wat in verband daarmee deur die regspersoon aangegaan is.

Dienssentrum:

- (3) Eienaars en bewoners is geregtig om gebruik te maak van die Dienssentrum en die dienste daarby inbegrepe, insluitende de eetkamer, sitkamer, biblioteek, haarkapster, raadsaal, buitebraaifasiliteit en stoeparea, posfasiliteite, minibusdienste en die gemeenskaplike tuine, onderhewig aan die volgende:-
 - (a) Persone moet die redelike voorwaardes wat die trustees van tyt tot tyd mag neerlê nakom.

- (b) Persone moet die tarief en koste ter sprake (soos van tyd tot tyd deur die trustees vasgestel) betaal ten einde 'n betrokke fasiliteit te benut.
- (c) Persone moet vooraf die trustees se skriftelike toestemming verkry, alvorens die fasiliteite deur 'n groep persone benut kan word.
- (d) Eienaars se besoekers mag slegs van die fasiliteite benut indien hulle deur 'n eienaar of bewoner vergesel word.
- (e) Eienaars of bewonders moet nie 'n steurnis vir ander eienaars of bewoners veroorsaak nie.
- (f) Eienaars of bewoners moet alle fasiliteite na gebruik skoon laat.

14. Tuine en Werwe

- (1) Eienaars of bewoners moet, wat tuine betref, voldoen aan die riglyne en tuinbeleid soos van tyd tot tyd deur die trustees neergelê.
- (2) Eienaars of bewoners mag 'n blom- of struikbedding op die gemeenskaplike eiendom rondom sy betrokke deel skep, onderhewig daaraan dat hulle aan die volgende voorwaardes voldoen:-
 - (a) Slegs goedgekeurde bome en struie kragtens die trustees se tuinbeleid en soos vervat in die Riglyne mag aangeplant word.
 - (b) By die aanplant van die blom- of struikbedding moet die goedgekeurde afstande van naburige eenhede en die verdeling van grond, soos vermeld in die Riglyne, gehandhaaf word.
 - (c) Bome mag slegs op die gemeenskaplike eiendom aangeplant word met die skrifelike toestemming van die trustees en onderhewig aan die voorskrifte soos gestel deur die trustees.
 - (d) Die eienaar of bewoner moet sy tuin en grasperk op sy eie koste natlei.
 - (e) Geen kruipende of klimmende plante of bome mag te naby of teen enige deel geplant word nie of toegelaat word om oor enige deel te rak of te klim nie, om skade aan gemeenskaplike eiendom te voorkom.
 - (f) Die trustees mag verdere Voorskrifte betreffende hierdie Reël neerlê.

15. Besigheidsaktiwiteite

- (1) Eienaars mag nie hul dele of die gemeenskaplike eiendom vir industriële doeleindes aanwend nie. Geen besigheid wat met 'n toeloop van mense gepaard gaan mag in dele of op die gemeenskaplike eiendom bedryf word sonder dat die trustees se skriftelike toestemming vooraf verkry is nie, sowel as die toestemming van die plaaslike owerheid (indien toepaslik).
- (2) Geen veilings, of soortgelyke verkopings of uitstallings, sal in 'n deel of op die gemeenskaplike eiendom gehou word, sonder dat die trustees se skriftelike toestemming vooraf verkry is nie.
- (3) Geen smouse mag op die perseel toegelaat word nie.
- (4) Kollektelyste mag slegs gesirkuleer word indien die trustees se skriftelike toestemming vooraf daarvoor verkry is.

16. Werknemers

- (1) Eienaars en bewoners mag nie die regspersoon se werknemers gedurende hul werksure versoek om enige werk vir hulle te doen nie.
- (2) Eienaars en bewoners mag nie met die regspersoon se werknemers inmeng by die verrigting van hul pligte nie.
- (3) Dit is die plig van elke eienaar of bewoner om te verseker dat sy eie werknemers (insluitende huiswerker, gesondheidswerkers en kontrakteurs) by die Trusteeraad geregistreer word en die Gedragsreëls nakom.

17. Sekuriteit

- (1) Eienaars en bewoners van eenhede sal in die belang van veiligheid en sekuriteit van alle ander eienaars en bewoners:-
 - (a) verseker dat hekke toe en deure by die in-en-uitgaan van die perseel behoorlik toegemaak is.
 - (b) verseker dat geen ongemagtigde of onbekende persoon die perseel deur enige deur of hek betree nie en nooit 'n hek of deur vir 'n ongemagtigde of onbekende persoon oopmaak nie.
 - (c) meld die teenwoordigheid van verdagte persone aan by die kantoor, bestuurder of sekuriteitspersoneel.
 - (d) kom enige verdere sekuriteitsmaatreëls na wat van tyd tot tyd deur die trustees ingestel word.

18. Risiko en Skadevergoeding

- (1) Persone betree die perseel op eie risiko en maak op eie risiko van die fasiliteite gebruik.
- (2) Die regspersoon, of sy werknemers is nie aanspreeklik vir enige besering, mediese onkoste, verlies aan lewe, skade of verlies aan eiendom, of enige eiese deur eienaars, besoekers, familieledede, bewoners van 'n deel, kontrakteurs, afleweraars of werknemers van 'n eienaar of bewoner wat ontstaan in die individuele dele, op die gemeenskaplike eiendom of by gebruik van die geriewe en wat voortspruit uit brand, diefstal, sturkturele defekte aan enige gebou of fasiliteite van die skema, of veroorsaak word deur 'n mens, dier, natuurverskynsel of andersins of vir enige handeling of nalate deur die Regspersoon of enige vn die Regspersoon se werknemers, agente of kontrakteurs nie.
- (3) Die Regspersoon of sy werknemers of agente aanvaar geen verantwoordelikheid van enige aard vir die beskadiging, verlies of geen aflewering van goedere of pos aan enige eienaar of bewoner nie.
- (4) Indien 'n eienaar of bewoner van 'n eenheid of sy kontrakteur, huiswerker of besoeker, enige skade van watter aard ookal aan die gemeenskaplike eiendom veroorsaak, sal die eienaar aan die Regspersoon verantwoordelik wees vir die skade.

19. Klagtes

- (1) Eienaars of bewoners moet die trustees/bestuursagent/bestuurder skriftelik in kennis stel van enige klagtes, versoeke of probleme wat hulle met betrekking tot die Skema ondervind.

20. Oortreding van Reëls

- (1) Sou **Gedragsreël 1** oortree word, mag die trustees:-
 - (a) hulle toestemming om sodanige troeteldier(e) aan te hou terugtrek, waarna die eienaar of bewoner onmiddellik die troeteldier(e) van die deel en die gemeenskaplike eiendom moet verwyder. Sou die eienaar of bewoner versuim voortduur vir 'n tydperk van 30 (dertig) dae na skriftelike kennisgewing om te verwyder deur die trustees of die bestuursagent/bestuurder names die trustees, mag die trustees 'n aansoek rig tot 'n Hof met jurisdiksie, om 'n bevel wat die verwydering vn die troeteldier(e) gelas, en die eienaar van die betrokke deel sal aanspreeklik wees vir die regskoste en ander uitgawes wat met die Hofaansoek verband hou, of
 - (b) 'n boete ooreenkomstig bepalinge van Gedragsreël 21 opleë, of

- (c) 'n interdik verkry, of
 - (d) meer as een van die voorafgaande opsies uitoefen.
- (2) Sou **Gedragreël 3** oortree word, mag die trustee:-
- (a) die eienaar van die voertuig laat klamp, vir die risiko en koste van die eienaar daarvan en/of vir die persoon in beheer van die voertuig, of
 - (b) reël dat 'n geklompde voertuig vrygestel word, onderhewig aan die betaling van 'n vrystellingsfooi, of
 - (c) die voertuig laat verwyder of laat wegsleep, vir die risiko en koste van die eienaar daarvan en/of die persoon in beheer van die voertuig, of
 - (d) 'n boete ooreenkomstig bepaling van Gedragreël 21 oplê, of
 - (e) 'n interdik verkry, of
 - (f) meer as een van die voorafgaande opsies uitoefen.
- (3) Sou **Gedragreël 4 of 5** oortree word, mag die trustee:-
- (a) die eienaar of bewoner aansê om die struktuur (objek) op sy eie koste te verwyder en die eiendom te herstel of te laat herstel. Sou 'n eienaar versuim om die struktuur (objek) te verwyder en om die gemeenskaplike eiendom te herstel en enige sodanige versuim voortduur vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae na skriftelike kennisgewing om te verwyder (en te herstel) deur die trustee of die bestuursagent/bestuurder namens die trustee, kan die trustee die struktuur (objek) laat verwyder op die eienaar se risiko en koste en die gemeenskaplike eiendom herstel, en sal die eienaar geen skadevergoedingseies of ander aksie teen die regspersoon of die trustee of teen die besuursagent/bestuurder werknemers/kontrakteurs van die regspersoon kan instel weens sodanige verwydering nie, of
 - (b) 'n boete ooreenkomstig bepaling van Gedragreël 21 oplê, of
 - (c) 'n interdik verkry, of
 - (d) meer as een van die voorafgaande opsies uitoefen.
- (4) As enige **ander Gedragreël** oortree word mag die trustee
- (a) 'n boete ingevolge Gedragreël 21 oplê, of
 - (b) 'n interdik verkry, of
 - (c) meer as een van die voorafgaande opsies uitoefen.

21. Oplegging van Boetes

- (1) Indien die optrede van 'n eenaar van 'n deel of sy/haar besoekers 'n oorlas daarstel volgens die oordeel van die trustees, of indien 'n eenaar, bewoner of besoeker enige Bestuurs- of Gedragreël oortree, verbreek, of verontagsaam, kan die trustees aan die eenaar of bewoner 'n skriftelike kennisgewing uitreik, wat volgens die diskresie van die trustees per hand of per gerigestreerde pos afgelewer sal word. Die bepaalde optrede wat 'n oorlas daarstel moet voldoende omskryf word, of die Reël wat na bewering oortree is, moet duidelik aangetoon word in die kennisgewing. Die beweerde oortreder moet ook gewaarsku word dat indien hy/sy met sy/haar optrede of oortreding voortgaan, die eenaar van die deel 'n boete opgelê sal word.
- (2) Indien die eenaar of bewoner desondanks voortgaan met die bepaalde optrede of met die verontagsaming van die besondere Reël, kan die trustees 'n trusteevergadering byeenroep om die kwessie te oorweeg en 'n boete op te lê.
- (3) Die beweerde oortreder moet minstens 7 (sewe) dae voor die trusteevergadering skriftelik ingelig word van die doel van die vergadering en versoek word om dit by te woon. Tydens die vergadering moet die beweerde oortreder 'n geleentheid gegun word om sy/haar saak te stel.
- (4) Nadat die eenaar of bewoner 'n geleentheid gegun is om sy saak te stel, kan die trustees by wyse van 'n spesiale besluit (75% van die trustees teenwoordig by die vergadering, met 'n minimum van 3 trustees), 'n eerste boete vir die aanvanklike oortreding en 'n daaropvolgende boete vir 'n verdere identiese oortreding oplê.
- (5) Enige boete opgelê ingevolge subreël (4), mag bygetel word by die heffing wat die eenaar verplig is om te betaal volgens artikel 37(1) van die Wet, indien dit nie binne 14 (veertien) dae nadat die oortreder van die boete opgelê in kennis gestel is, betaal is nie. Dit kan dus deur die trustees geëis word as deel van die heffing wat maandeliks betaalbaar is deur die eenaar.
- (6) Die regspersoon kan van tyd tot tyd by 'n algemene vergadering die boetes vir 'n eerste en daaropvolgende oortreding hersien.
- (7) Nieteenstaande subreëls (1) tot (6), in toepaslike omstandighede kan die trustees 'n hof met die nodige jurisdiksie nader vir 'n bevel of 'n interdik, indien 'n eenaar of bewoner die Bestuurs- of Gedragreëls oortree, verbreek of verontagsaam.
